6.5 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Rosina was skielik baie moeg en het op haar hurke gesak.
- Buster het Rosina na 'n Rave-klub geneem.
- Rosina het vertel dat Buster vir haar oudisies gereël het.
- Die speurder het vir Rosina gesê dat sy by die verkeerde plek was. (4)

6.6 Kies die inligting in KOLOM B wat by die karakter(s) in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.6.1–6.6.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.6.1 | Rosina | A | ... was 'n slegte rolmodel. |
| 6.6.2 | Joseph | B | … was naïef en kon maklik misbruik word. |
| 6.6.3 | Rose | C | ... was streng en het hoë morele waardes gehad. |
| 6.6.4 | Rosina se ouers | D | ... kon mense maklik mislei. |
| | | E | ... het raakgesien wie en wat Buster was. |

(4 x 1) (4)

6.7 Buster was 'n eerlike persoon.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS I**

"… Jy't jou ouers baie bekommernis op die hals gehaal en vir ons almal 'n hele klomp moeite, maar as jy iets geleer het, is alles nie verniet nie. So, vergeet dit nou, ons maak almal foute ..."

***

"Gaan Buster tronk toe?" wil sy na 'n lang stilte weet.
"Ek sou vervlaks so hoop," meneer du Patsi, toet ergerlik vir 'n voetganger wat amper ses meter weg van die kant van die pad in die lang gras loop.
Rosina se oog val op die sonneblomme wat soos goud in die laat son blink ...

6.8 Hoekom kan 'n mens respek vir mnr. Du Patsi hê? (1)

6.9 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.9) en die ontbrekende woord neer.

| onsekerheid; | wanhoop; | blydskap |
|---|---|---|

Rosina se oë het op pad Blomvlei toe op die sonneblomme geval (reël 7). Die sonneblomme was 'n simbool van ... (1)

6.10 Hoekom kan 'n mens sê dat Rosina nie 'n goeie verhouding met haar ouers gehad het nie? (1)

6.11 Waarteen, dink jy, wil die verteller van hierdie verhaal jongmense waarsku? (1)

6.12 Watter raad sou jy aan Rosina gegee het as sy jou laat weet het dat sy saam met Buster vir 'n oudisie gaan? (1)

6.13 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.13) en die letter (A–D) neer.

Die tema in "Lugspieëling" handel oor **ontnugtering**, want in die verhaal sien ons dat Rosina …

A geweet het dat sy teleurgestel gaan word.
B aanhou hoop het om haar ideaal te bereik.
C besef het dat haar droom nie waar gaan word nie.
D geleer het om geduldig te wees. (1)

**EN**

**VERHAAL B: "SOLDATE IN WIT KLERE" – Hannah Bell**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS J**

Kort na hy by oom Labu aangekom het, het Nevil siek geword. Hy het vir dae uitgehou, gesê hy sal self beter word, want hy het mos pille wat hy drink.

"Ek is nog pas hier," het hy vir oom Labu gesê. "Ek kan nie nou al gaan lê nie. Ek is taai, oor 'n paar dae is ek weer piekfyn!"

Maar hy het nie beter geword nie. Daardie Vrydag sit sy oë diep in sy kop en sy vel is so grys soos die granietrotse langs hulle huis.

6.14 Met watter werk moes Nevil oom Labu op Wanedzi kom help? (1)

6.15 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.15) en die letter (A–D) neer.

"**sy vel is so grys soos granietrotse** ...," is 'n voorbeeld van ...

A 'n metafoor.
B 'n simbool.
C 'n vergelyking.
D personifikasie. (1)

6.16 Gee TWEE redes waarom oom Labu nie by die hospitaal kon agterbly nie. (2)

6.17 Oom Labu se lewe op die plaas was in groter gevaar as die ander inwoners in Zimbabwe.

Sê hoekom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.18 Watter weermagreël het oom Labu oortree? (1)

6.19 Kies die inligting in KOLOM B wat by die karakter(s) in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.19.1–6.19.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.19.1 Die vryheidsvegters | A ... was bekommerd oor die inwoners se veiligheid. |
| 6.19.2 Nevil | B ... het inwoners bang gemaak. |
| 6.19.3 Die lede van die Weermag | C ... is die hoofkarakter(s) van hierdie verhaal. |
| 6.19.4 Oom Labu | D ... het hard gewerk en nooit gekla nie. |
| | E ... kon dadelik 'n siekte diagnoseer. |

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS K**

Maar die vrees! Niks wou daarvoor help nie. Dit was iets bonatuurliks.

***

Opgestaan, in die bed geklim en weer soos 'n kind geslaap.

Die volgende oggend het hy wakker geword toe 'n patrolliemotor voor sy huis stilhou. Toe hy die kaptein by die hek ontmoet, sê die man:

"Jou buurman is verlede nag deur die vryheidsvegters doodgeskiet, meneer Labuschagne. "

6.20 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.20) en die ontbrekende woord neer.

| | | |
|---|---|---|
| alledaags; | ontstellend; | buitengewoon |

Oom Labu het sy vrees as "iets bonatuurliks" beskryf. Dit beteken sy vrees was ... (1)

6.21 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.21) en die letter (A–D) neer.

Oom Labu het "soos 'n kind geslaap" beteken dat oom Labu …

A net vir 'n kort tydjie geslaap het.
B kort-kort wakker geword het.
C baie onrustig geslaap het.
D rustig en diep geslaap het. (1)

6.22 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Die vryheidsvegters het op die polisie begin skiet.
- Die vryheidsvegters het oom Labu se buurman doodgeskiet.
- Die kaptein het die gevangene na Wanedzi toe geneem om hulle spore te wys.
- Die polisie het drie vryheidsvegters gewond en een gevange geneem. (4)

6.23 In die slot van die verhaal het oom Labu 'n wonderwerk beleef.

6.23.1 Sê wat daardie nag op die buurman se plaas gebeur het. (1)

6.23.2 Waarom kan ons sê dat dit wat op oom Labu se plaas gebeur het, 'n wonderwerk was? (1)

6.24 Watter les kan die leser uit oom Labu se optrede aan die einde van hierdie verhaal leer? (1)

6.25 Die titel "Soldate in Wit Klere" verwys na God se engele. Waarom word die engele hier soldate genoem? (1)

**[40]**

